

Republiek van Suid-Afrika

Republic of South Africa



Buitengewone  
Staatskoerant  
Government Gazette  
Extraordinary

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(REGULASIEKOERANT No. 115)

(REGULATION GAZETTE No. 115)

VOL. V.] PRYS 5c. PRETORIA, 24 AUGUSTUS 1962. PRICE 5c. [No. 317.  
24 AUGUST

PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN  
SUID-AFRIKA.

No. R. 186, 1962.]

WYSIGING VAN DIE KONVENSIE OOR INTER-  
NASIONALE BURGERLIKE LUGVAART  
(CHICAGO, 1944).

Nademaal die wysiging, soos vervat in bygaande Bylae, van die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart (Chicago, 1944), soos vervat in die Eerste Bylae van die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962), ooreenkomstig paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel drie, gelees met subartikel (2) van artikel vier-en-twintig van genoemde Wet, namens die Republiek van Suid-Afrika bekragtig is;

En nademaal die getal bekrachtigings wat nodig is om genoemde wysiging van krag te laat word, by die Organisasie vir Internasionale Burgerlike Lugvaart ingedien is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel drie van bogenoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysiging vanaf die datum van afkondiging hiervan in die Republiek nagekom moet word en regs krag en -uitwerking het.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agste dag van Augustus Eenduisend Negehoenderd Twee-en-sestig.

C. R. SWART,  
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

B. J. SCHOEMAN.

BYLAE.

Artikel 50 van die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart (Chicago, 1944) word gewysig deur in paragraaf (a) die woord „een-en-twintig” deur die woord „sewe-en-twintig” te vervang.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE  
INKOMSTE.

No. R. 1372.] [24 Augustus 1962.  
VERBETERINGSKENNISGEWING.

Konvensie Tussen Die Regering van Die Republiek van Suid-Afrika en Die Regering van Die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland Ter Vermidding van Dubbele Belasting en Die Voorkoming van Fiskale Ontduiking Ten Opsigte van Belasting op Inkomste.

A-2977581

PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH  
AFRICA.

No. R. 186, 1962.]

AMENDMENT TO THE CONVENTION OF INTER-  
NATIONAL CIVIL AVIATION (CHICAGO,  
1944).

Whereas the amendment, contained in the Schedule hereto, to the Convention on International Civil Aviation (Chicago, 1944), contained in the First Schedule to the Aviation Act, 1962 (Act No. 74 of 1962), has, in terms of paragraph (b) of sub-section (1) of section three read with sub-section (2) of section twenty-four of the said Act, been ratified on behalf of the Republic of South Africa;

And whereas the number of ratifications required to bring the said amendment into force have been deposited with the International Civil Aviation Organization;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (b) of sub-section (1) of section three of the above-mentioned Act, I hereby declare that the said amendment shall, with effect from the date of promulgation hereof, be observed and have the force and effect of law in the Republic.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Eighth day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-two.

C. R. SWART,  
State President.

By Order of the State President-in-Council.

B. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE.

Article 50 of the Convention on International Civil Aviation (Chicago, 1944) is amended by the substitution in paragraph (a) for the word “twenty-one” of the word “twenty-seven”.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF INLAND REVENUE.

No. R. 1372.] [24 August 1962.  
CORRECTION NOTICE.

Convention between the Government of The Republic of South Africa and The Government of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland for The Avoidance of Double Taxation and the Prevention of Fiscal Evasion with respect to Taxes on Income.

1-317

Proklamasie No. R. 142, 1962, van 15 Junie 1962, word hierby as volg verbeter:—

In die Engelse teks van paragraaf (1) (h) (ii) van Artikel II moet die woorde „die volgende reëls opgelos:” „accordance with the following rules:” lees.

Proclamation No. R. 142, 1962, of 15th June, 1962, is hereby corrected as follows:—

In the English text of paragraph (1) (h) (ii) of Article II the words “die volgende reëls opgelos:” should read “accordance with the following rules:”.

**DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.**

No. R. 1373.] [24 Augustus 1962.  
**WET TOT REGELING VAN DE TOELATING VAN PERSONEN TOT DE UNIE, 1913—WYSIGING VAN REGULASIES.**

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, No. 22 van 1913, soos gewysig, die Sesde Byvoegsel tot bogenoemde regulasies, uitgevaardig kragtens voornoemde bepaling en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1055 van 29 Junie 1928, soos gewysig, te skrap en deur die volgende te vervang:—

**SERTIFIKAAT VAN IDENTITEIT** [artikel 25 (2) van Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, No. 22 van 1913, soos gewysig].

Vordering: Vyf-en-twintig sent (25c).

Lêer nr./File No.....

Behoudens die voorwaardes hieronder vermeld, word hierdie sertifikaat toegestaan aan  
*Subject to the conditions stated below, this certificate is granted to.....*

van (meld provinsie)  
*of (state province).....*

'n wettige inwoner van die Republiek van Suid-Afrika om homself/haarself buite die Republiek te begeef en daarnatoe terug te keer voor of op  
*a lawful resident of the Republic of South Africa, to absent himself/herself from the Republic and to return thereto on or before.....*

By kontrolering van die houers identiteit met onderstaande beskrywing, sal hierdie dokument sonder verdere getuienis deur die Paspoot-  
*On verification of the holder's identity with the description hereunder, this document will be accepted by the Passport Control Officer without beheerbeampte aanvaar word as bewys van sy/haar identiteit.*  
*further evidence as proof of his/her identity.*

**VOORWAARDES.—CONDITIONS.**

Hierdie sertifikaat is slegs vir een reis beskikbaar en is geldig tot die datum gespesifiseer (tensy die geldigheid verleng word) en moet  
*This certificate shall be available for one journey only and shall be valid until the date specified (unless the validity is extended), and deur die houers by hertoelating aan die Paspootbeheerbeampte by 'n hawe van binnekomms in die Republiek teruggegee word.*  
*shall on re-admission be surrendered by the holder to the Passport Control Officer at a port of entry to the Republic.*

Datumstempel/Date Stamp.

Uitreikingsbeampte/Issuing Officer.

**BESKRYWING VAN HOUER.—DESCRIPTION OF HOLDER.**


Datum van geboorte  
*Date of Birth.....*

Plek en land van geboorte  
*Place and country of birth.....*

Nasionaliteit  
*Nationality.....*

Persoonsnommer van houers/Vader  
*Identity number of Holder/Father.....*

Geslag  
*Sex.....*



Getuie./Witness.

Handtekening./Signature.

Regterduimafdruk by uitreiking. <i>Right Thumb Impression on Issue.</i>	Regterduimafdruk by teruggawe. <i>Right Thumb Impression on Surrender.</i>	Datum van terugkeer van houers. <i>Date of Holder's Return.</i>
		Datumstempel. <i>Date Stamp.</i>

**DEPARTEMENT VAN VERVOER.**

No. R. 1367.] [24 Augustus 1962.  
**WYSIGINGS VAN DIE REGULASIES IN VERBAND  
 MET DIE WELSYN VAN SEELUI, 1961.**

Dit het die Minister van Vervoer behaag om, kragtens die bepalings van subartikel (1) van artikel *driehonderd ses-en-vyftig* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig, die regulasies in bygaande Bylae vervat, uit te vaardig.

**BYLAE.**

Die Regulasies in verband met die Welsyn van Seelui, 1961, word hierby soos volg gewysig:—

1. Regulasie 3 word gewysig deur in subregulasie (1) die woord „vyftien” deur die woord „twintig” te vervang.
2. Regulasie 9 word gewysig deur die woord „vyf” deur die woord „sewe” te vervang.

**DEPARTEMENT VAN BANTOE-ONDERWYS.**

No. R. 1374.] [24 Augustus 1962.  
**WET OP BUITENGEWONE ONDERWYS, 1948,  
 SOOS GEWYSIG.—REGULASIES IN VERBAND  
 MET BUITENGEWONE ONDERWYS VIR AF-  
 WYKENDE BANTOEKINDERS.**

Kragtens die bevoegheid my verleen by subartikel (1) van artikel *agt-en-twintig* van die Wet op Buitengewone Onderwys, 1948 (Wet No. 9 van 1948), soos gewysig, gelees met paragraaf (c) van Proklamasie No. R. 23 van 1961, vaardig ek, **WILLEM ADRIAAN MAREE**, Minister van Bantoe-onderwys, hierby die regulasies uit wat in die Bylae hiervan vervat is, ter vervanging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 526 van 30 Maart 1961.

**W. A. MAREE,**  
 Minister van Bantoe-onderwys.

**BYLAE.**

**DEEL I.**

**WOORDOMSKRYWING.**

1. In hierdie regulasies het, tensy strydig met die sinsverband, enige uitdrukking dieselfde betekenis as wat in die Wet daaraan geleg is, en beteken—

- „Departement” die Departement van Bantoe-onderwys;
- „Minister” die Minister van Bantoe-onderwys;
- „Sekretaris” die Sekretaris van Bantoe-onderwys;
- „skool” ’n goedgekeurde uniale spesiale skool; en
- „Wet” die Wet op Buitengewone Onderwys, 1948 (Wet No. 9 van 1948), soos gewysig.

**DEEL II.**

**HULPTOELAES AAN ONDERSTEUNDE SKOLE.**

**SUBSIDIEGRONDSLAG.**

2. (1) Met die goedkeuring van die Tesourie stel die Minister ’n subsidiegrondslag vir goedgekeurde uniale spesiale skole vir Bantoes vas, of in die algemeen vir alle of groepe skole, of afsonderlik vir enkele bepaalde skole.

(2) Volgens die algemene subsidiegrondslag betaal die Sekretaris—

- (a) die volle salarisse, toelaes en verlofgratifikasies van die goedgekeurde onderwyspersoneel;
- (b) twee-derdes van die salarisse, lone, toelaes en verlofgratifikasies van ander goedgekeurde personeel;

**DEPARTMENT OF TRANSPORT.**

No. R. 1367.] [24 August 1962.  
**AMENDMENT TO THE SEAMEN'S WELFARE  
 REGULATIONS, 1961.**

The Minister of Transport has been pleased, under the provisions of sub-section (1) of section *three hundred and fifty-six* of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended, to make the regulations contained in the Schedule hereto.

**SCHEDULE.**

The Seamen's Welfare Regulations, 1961, are hereby amended as follows:—

1. Regulation 3 is amended by the substitution in sub-regulation (1) for the word “fifteen” of the word “twenty”.
2. Regulation 9 is amended by the substitution for the word “five” of the word “seven”.

**DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION.**

No. R. 1374.] [24 August 1962.  
**SPECIAL EDUCATION ACT, 1948, AS AMENDED.  
 REGULATIONS IN CONNECTION WITH  
 SPECIAL EDUCATION FOR HANDICAPPED  
 BANTU CHILDREN.**

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *twenty-eight* of the Special Education Act, 1948 (Act No. 9 of 1948), as amended, read with paragraph (c) of Proclamation No. R. 23 of 1961, I, **WILLEM ADRIAAN MAREE**, Minister of Bantu Education, hereby make the regulations contained in the Schedule hereto, in substitution for the regulations published under Government Notice No. R. 526 of the 30th March, 1961.

**W. A. MAREE,**  
 Minister of Bantu Education.

**SCHEDULE.**

**PART I.**

**DEFINITIONS.**

1. Any expression used in these regulations shall, unless inconsistent with the context, have the same meaning as has been assigned to it in the Act and—

- “Department” shall mean the Department of Bantu Education;
- “Minister” shall mean the Minister of Bantu Education;
- “Secretary” shall mean the Secretary for Bantu Education;
- “school” shall mean an approved Union special school;
- “Act” shall mean the Special Education Act, 1948 (Act No. 9 of 1948), as amended.

**PART II.**

**GRANTS-IN-AID TO AIDED SCHOOLS.**

**BASIS OF SUBSIDY.**

2. (1) With the approval of the Treasury, the Minister shall determine a basis of subsidy for approved Union special schools for Bantu, either in general for all schools or groups of schools, or separately for any particular schools.

(2) In accordance with the general basis of subsidy the Secretary shall pay—

- (a) the full salaries, allowances and leave gratuities of the approved teaching staff;
- (b) two-thirds of the salaries, wages, allowances and leave gratuities of other approved staff;

- (c) 'n onderhoudstoelae van hoogstens R54 per jaar per goedgekeurde behoefte leerling wat in 'n skoolkoshuis loseer, of sodanige verminderde toelae as wat die Sekretaris mag bepaal met inagneming van die bydrae wat die ouers na sy mening self kan maak;
- (d) die volle vervoerkoste van goedgekeurde behoefte inwonende leerlinge by toelating en ontslag, vir die Julie- en Desembervakansie en vir ander goedgekeurde geleenthede insluitende die volle vervoer- en verblyfkoste van hul begeleiers, of 'n deel van die koste soos die Sekretaris mag bepaal met inagneming van die bydrae wat die ouers na sy mening self kan maak. Die tarief waarteen die verblyfkoste betaal word, word deur die Sekretaris in oorleg met die Tesourie bepaal;
- (e) die volle vervoerkoste van goedgekeurde behoefte nie-inwonende dagskoliers, of 'n deel daarvan soos die Sekretaris mag bepaal met inagneming van die bydrae wat die ouers na sy mening self kan maak;
- (f) die koste van een maaltyd per dag vir goedgekeurde behoefte nie-inwonende dagskoliers, wat as gevolg van die skoolprogram en die afstand na hulle wonings middagetes by die skool moet nuttig, teen 'n tarief wat deur die Sekretaris in oorleg met die Tesourie bepaal word;
- (g) twee-derdes van die koste van goedgekeurde geboue met inbegrip van veranderings aan bestaande geboue, argiteksgelde, opmetingsgelde, die aankoop van persele vir geboue en die omheining daarvan, installasies vir die verskaffing van water en elektriese krag, rente op en aflossing van goedgekeurde private of staatslenings en huurgelde: Met dien verstande dat 'n skool sy eie deel, naamlik eenderde, beskikbaar moet hê voordat die Staat 'n bydrae doen;
- (h) die volle reis- en verblyfkoste van staatsvertegenwoordigers op besture volgens tariewe wat deur die Sekretaris in oorleg met die Tesourie bepaal word;
- (i) die volle reis- en verblyftoelae (teen heersende staatsdienstariewe) van personeellede wanneer hulle in opdrag van die Sekretaris in diens van die Staat optree;
- (j) die helfte van alle ander goedgekeurde uitgawes.

VERMINDERING VAN SUBSIDIE.

3. Ondanks die bepalinge van regulasie 2 kan die Sekretaris 'n subsidie wat volgens die voorgeskrewe formule bereken is, verminder met 'n bedrag gelykstaande met enige bedrag wat 'n skool langs ander weë van die Staat ontvang.

VOORWAARDES VAN SUBSIDIE.

4. 'n Departementele subsidie aan 'n skool is aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

*Skriftelike Onderneming.*

- (1) (a) By die eerste aansoek om enige vorm van staatshulp deur 'n nuwe skool moet die bestuur van die betrokke skool 'n skriftelike onderneming aan die Sekretaris verskaf waarin hy verklaar dat hy vertrou is met die basis en voorwaardes van sodanige staatshulp en dat hy hom daaraan sowel as aan enige daaropvolgende wysigings en toevoegings sal hou;
- (b) skole wat reeds subsidie ontvang, moet binne drie maande of sodanige tydperk as wat die Sekretaris mag bepaal, 'n skriftelike onderneming soos in paragraaf (a) van hierdie regulasie aangedui, by die Sekretaris indien.

*Finansies.*

- (2) (a) Die subsidie vir 'n bepaalde jaar is onderworpe aan die bewilliging deur die Parlement van die nodige fondse, ondanks die berekening van die bedrag volgens die voorgeskrewe formule;
- (b) 'n skool pas 'n stelsel van boekhou en kontrole oor voorrade toe tot tevredenheid van die Sekretaris;

- (c) a maintenance allowance not exceeding R54 per annum per approved indigent pupil who boards in a school hostel, or such reduced allowance as the Secretary may determine with regard to the contribution which the parents, in his opinion, themselves can make;
- (d) the full transport costs of approved indigent resident pupils on admission and discharge, for the July and December vacations, and for other approved occasions, including the full transport and subsistence costs of their escorts, or a portion of the costs as the Secretary may determine with regard to the contribution which the parents, in his opinion, themselves can make. The tariff at which the subsistence costs shall be paid, shall be determined by the Secretary in consultation with the Treasury;
- (e) the full transport costs of approved indigent non-resident day scholars or a portion thereof as the Secretary may determine with regard to the contribution which the parents, in his opinion, themselves can make;
- (f) the cost of one meal per day for approved indigent non-resident day scholars who, owing to the school programme and the distance to their residences, have to lunch at school, at a tariff determined by the Secretary in consultation with the Treasury;
- (g) two-thirds of the cost of approved buildings including alterations to existing buildings, architect's fees, survey fees, the purchase of sites for buildings and the fencing thereof, installations for the supply of water and electrical power, interest on and redemption of approved private or Government loans and rentals: Provided that a school must have available its own contribution of one-third, before a contribution shall be made by the Government;
- (h) the full transport and subsistence costs of Government representatives on governing bodies in accordance with tariffs determined by the Secretary in consultation with the Treasury;
- (i) the full transport and subsistence allowance (at current Public Service rates) of staff members whenever they, on the instructions of the Secretary, perform Government duties;
- (j) half of all other approved expenditure.

REDUCTION OF SUBSIDY.

3. Notwithstanding the provisions of regulation 2, the Secretary may reduce a subsidy calculated according to the prescribed formula by an amount equal to any amount which a school receives from the Government through other channels.

CONDITIONS OF SUBSIDY.

4. A departmental subsidy to a school shall be subject to the following conditions:—

*Written Undertaking.*

- (1) (a) On initial application by a new school for any form of Government aid, the governing body of the school concerned shall provide the Secretary with a written undertaking wherein it declares that it is conversant with the basis and conditions of such Government aid and that it shall adhere thereto as well as to any subsequent amendments and additions;
- (b) schools which already receive a subsidy shall submit to the Secretary within three months or such period as the Secretary may determine, a written undertaking as indicated in paragraph (a) of this regulation.

*Finances.*

- (2) (a) The subsidy for any particular year shall be subject to the necessary funds being appropriated by Parliament notwithstanding the fact that the amount thereof has been computed according to the prescribed formula;
- (b) a school shall apply a system of book-keeping and control over supplies to the satisfaction of the Secretary;

- (c) 'n skool hou afsonderlik rekenings vir dié bedrywighede ten opsigte waarvan die Sekretaris 'n subsidie betaal;
- (d) geouditeerde state van alle inkomste en uitgawes in verband met die bedrywighede deur die Departement gesubsidieer, word jaarliks by die Departement ingedien op 'n datum deur die Sekretaris bepaal;
- (e) die Sekretaris kan die boeke van 'n skool in verband met die goedgekeurde dienste te eniger tyd laat ouditeer;
- (f) die Sekretaris betaal slegs subsidie ten opsigte van dienste wat hy goedkeur;
- (g) die Minister kan 'n subsidie aan 'n skool verminder of staak as hy meen dat die skool nie die voorwaardes van subsidie nakom nie of as daar volgens sy oordeel ander goeie en voldoende redes bestaan vir die vermindering of staking van die subsidie;
- (h) eise vir subsidie moet gereeld by die Departement ingedien word volgens die prosedure en op vorms deur die Sekretaris voorgeskryf.

#### Bestuur.

- (3) (a) Die bestuur van 'n skool moet sy eie konstitusie opstel en moet dit by die Departement indien vir goedkeuring deur die Minister;
- (b) die Minister kan verteenwoordigers in die bestuur van 'n skool benoem, maar hoogstens 'n getal wat een minder is as die helfte van die totale ledetal soos deur die konstitusie van die skool bepaal;
- (c) die Minister bepaal die dienstermyn van sy verteenwoordigers en hulle lidmaatskap kan te eniger tyd deur hom beëindig word;
- (d) 'n bestuur moet regs persoonlikheid besit of verkry op 'n wyse wat die Minister tevrede stel;
- (e) (i) 'n bestuur moet geheel en al uit Blankes of uit Bantoes saamgestel wees,
- (ii) terwyl daar nog Blanke prinsipale of vise-prinsipale of ander Blankes in die personeel is, mag slegs Blankes in die bestuur dien,
- (iii) in buitengewone omstandighede, of waar die skool aan 'n Bantoe-instansie behoort, kan Blankes egter met spesiale ministeriële verlof saam met Bantoes in dieselfde bestuur dien;
- (f) 'n bestuur of 'n aantal van sy lede wat deur hom as uitvoerende komitee of dagbestuur benoem is, vergader minstens vier keer elke kalenderjaar;
- (g) vir hoogstens vier vergaderinge van die volle bestuur per kalenderjaar word subsidie ten opsigte van reis- en verblyftoelaes aan bestuurslede deur die Departement betaal;
- (h) 'n afskrif van die agenda vir elke bestuursvergadering moet minstens twee weke voor die vergaderdatum aan die Departement gestuur word, behalwe in die geval van dringende dagbestuursvergaderings in welke geval dit saam met die notule verstrekk mag word;
- (i) 'n afskrif van die notule van elke vergadering moet so gou moontlik na die vergadering by die Departement ingedien word;
- (j) die Inspekteur van Bantoe-onderwys wat verantwoordelik is vir buitengewone onderwys of 'n ander beampte deur die Sekretaris aangewys, het die reg om enige bestuursvergadering insluitende dagbestuursvergaderings in 'n waarnemende en/of adviserende hoedanigheid by te woon;
- (k) minstens een keer gedurende elk van die eerste en tweede helftes van 'n kalenderjaar moet 'n skool besoek word deur een van sy bestuurslede wat spesiaal vir hierdie doel deur die bestuur aangewys is; Met dien verstande dat solank daar nog Blanke personeel aan die

- (c) a school shall keep separate accounts in respect of those activities subsidised by the Secretary;
- (d) audited statements of all revenue and expenditure in connection with Departmentally subsidised activities shall be submitted annually to the Department on the date determined by the Secretary;
- (e) the Secretary may cause the books of a school relating to approved services, to be audited at any time;
- (f) the Secretary shall pay a subsidy only in respect of services approved by him;
- (g) the Minister may reduce or discontinue a subsidy to a school if he considers that the school is not observing the conditions of subsidy or if in his opinion there are other good and sufficient reasons for the reduction or discontinuance of the subsidy;
- (h) claims for subsidy shall be submitted regularly to the Department in accordance with the procedure and on forms prescribed by the Secretary.

#### Governing Body.

- (3) (a) The governing body of a school shall draw up its own constitution and shall submit it to the Department for approval by the Minister;
- (b) the Minister may appoint representatives to the governing body of a school but not exceeding a number, one less than half the total membership as laid down by the school's constitution;
- (c) the Minister shall determine the period of office of his representatives, and their membership may at any time be terminated by him;
- (d) a governing body shall have corporate status or acquire such status in a manner acceptable to the Minister;
- (e) (i) a governing body shall consist of Whites only or Bantu only,
- (ii) while White principals or vice-principals or other Whites are still on the staff, only Whites may serve on the governing body,
- (iii) in special circumstances or where the school belongs to a Bantu body, Whites may, however, with special Ministerial permission, serve together with Bantu on the same governing body;
- (f) a governing body or a number of its members nominated by it as an executive committee shall meet at least four times each calendar year;
- (g) a subsidy in respect of transport and subsistence allowances to members of the governing body shall be paid by the Department for not more than four meetings per calendar year of the full governing body;
- (h) a copy of the agenda for every meeting of the governing body shall be forwarded to the Department at least two weeks before the date of the meeting, except in the case of urgent executive committee meetings in which case the agenda may be furnished together with the minutes;
- (i) a copy of the minutes of every meeting shall be submitted to the Department as soon as possible after the meeting;
- (j) the Inspector of Bantu Education who is responsible for special education or another official designated by the Secretary, shall have the right to attend any meeting of the governing body or its executive committee in an observing and/or advisory capacity;
- (k) a school shall be visited at least once during each of the first and second halves of a calendar year by one of the members of its governing body who has been specially nominated for this purpose by the governing body: Provided that while White staff are still

skool verbonde is, die besoekende bestuurslede Blankes moet wees. Sodanige lid moet 'n skriftelike verslag oor die bedrywighede van die skool aan die bestuur voorlê op sy volgende vergadering. 'n Afskrif van hierdie verslag moet saam met die betrokke notule by die Departement ingedien word.

*Inskrywing van leerlinge.*

- (4) (a) Die maksimum getal leerlinge wat tot 'n skool en sy koshuise toegelaat kan word vir elke bepaalde jaar, moet deur die Sekretaris goedgekeur word;
- (b) slegs leerlinge wat voldoen aan die ouderdom, taalgroep en ander toelatingsvereistes deur die Sekretaris bepaal en waarvan die toelating deur hom goedgekeur is, mag tot 'n skool toegelaat word.

*Kursusse en leerplanne.*

- (5) Onderrigkursusse, leerplanne en medium van onderrig, soos deur die Sekretaris goedgekeur, moet gevolg word.

*Persele en geboue.*

- (6) (a) Waar persele of geboue met staatsubsidie en/of staatslening aangekoop, opgerig of verbeter word, word die Staat se belange beskerm deur 'n skriftelike ooreenkoms, soos goedgekeur deur die Sekretaris in oorleg met die Tesourie, tussen die bestuur en die Staat;
- (b) sodanige ooreenkoms moet aan die betrokke Registrateur van Aktes gestuur word vir notering;
- (c) waar geboue opgerig word op grond van die Staat of die S.A. Naturelletrust is notering van die ooreenkoms deur die Registrateur van Aktes nie nodig nie.

*Meubels en ander uitrusting.*

- (7) Meubels, voertuie en enige ander uitrusting wat met departementele subsidie aangekoop is, mag nie sonder die goedkeuring van die Sekretaris verveem, vernietig of anders oor beskik word nie. Enige opbrengs van sodanige beskikking word verdeel tussen die skool en die Staat op dieselfde grondslag as dié waarop die Staat die aankoop daarvan gesubsidieer het.

*Algemeen.*

- (8) (a) Die skoolkalender en skoolure soos deur die Sekretaris bepaal, moet deur 'n skool gevolg word;
- (b) die bestuur moet toesien dat die nodige boeke in verband met die administrasie en organisasie van die skool soos die skooljoernaal, toelatingsregister, klasregisters, strafboek, werkskemas, verslagboeke en ander boeke, state of opgawes wat deur die Sekretaris verlang mag word, gereeld deur die prinsipaal en sy personeel bygehou word tot tevreedenheid van die Sekretaris;
- (c) wanneer die Minister enige aangeleentheid by 'n skool laat inspekteer, moet die bestuur en personeel alle geleentheid daartoe sowel as hulle volle medewerking gee aan die beampte aan wie die uitvoering van die inspeksie opgedra is. Alle boeke en dokumente of inligting wat verlang word, moet ter beskikking van die beampte gestel word. Die nodige vrye toegang tot lokale moet aan hom verleen word en hy moet volle geleentheid kry om beamptes en werknemers van die skool te ondervra en waar te neem terwyl hulle besig is met die uitvoering van hulle daaglikse pligte;
- (d) die Minister kan te eniger tyd verdere voorwaardes by regulasie voorskryf of die bestaande voorwaardes wysig.

attached to the school the visiting members of the governing body shall be Whites. Such member shall submit a written report on the activities of the school to the governing body at its next meeting. A copy of this report shall be submitted to the Department together with the relative minutes.

*Enrolment of Pupils.*

- (4) (a) The maximum number of pupils who may be admitted in each particular year to a school and its hostels shall be approved by the Secretary;
- (b) only pupils who conform to the age, language group and other admission requirements determined by the Secretary and whose admission has been approved by him, may be admitted to a school.

*Courses and Syllabuses.*

- (5) Courses of instruction, syllabuses and the medium of instruction as approved by the Secretary, shall be followed.

*Premises and Buildings.*

- (6) (a) Where premises or buildings are purchased, erected or improved with State subsidy and/or a Government loan, the interests of the Government shall be protected by a written agreement between the governing body and the Government as approved by the Secretary in consultation with the Treasury;
- (b) such agreement shall be forwarded to the Registrar of Deeds concerned for noting;
- (c) where buildings are erected on land belonging to the Government or the S.A. Native Trust, noting of the agreement by the Registrar of Deeds shall not be necessary.

*Furniture and Other Equipment.*

- (7) Furniture, vehicles and any other equipment purchased with Departmental subsidy, may not be alienated, destroyed or otherwise disposed of without the approval of the Secretary. Any proceeds from such disposal shall be divided between the school and the Government on the same basis as that on which the Government has subsidised the purchase thereof.

*General.*

- (8) (a) The school calendar and hours of attendance as determined by the Secretary shall be observed by the school;
- (b) the governing body shall see to it that the necessary books in connection with the administration and organisation of the school such as the school journal, admission register, class registers, punishment book, schemes of work, report books and other books, statements or returns which may be required by the Secretary, are regularly kept up to date by the principal and his staff to the satisfaction of the Secretary;
- (c) when the Minister causes any matter to be inspected at a school the governing body and staff shall offer the officer instructed to carry out the investigation every necessary facility as well as their full co-operation. All books and documents or information required shall be made available to the officer. The necessary free access to rooms must be given to him and he must be given every opportunity to interrogate officials and employees of the school and to observe them while they are engaged in the carrying out their daily duties;
- (d) the Minister may at any time prescribe further conditions by regulation or amend the existing conditions.

## DEEL III.

## TOELATING VAN LEERLINGE TOT GOEDGEKEURDE UNIALE SPESIALE SKOLE OP 'N VRYWILLIGE GRONDSLAG EN BEHEER OOR EN TUG VAN LEERLINGE.

*Toelating.*

5. (1) Ingevolge subartikel (2) van artikel *tien* van die Wet kan 'n ouer of voog uit eie beweging aansoek doen om toelating van sy kind tot 'n goedgekeurde uniale spesiale skool.

(2) Die toelating van enige kind, met of sonder departementele steun, is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris.

(3) Toelatingsvereistes vir leerlinge met betrekking tot moedertaal, ouderdom, aard en graad van gebreke, algemene gesondheidstoestand, opvoedbaarheid, duur van opleiding en enige ander aangeleentheid wat nodig geag word, kan deur die Sekretaris vir elke skool afsonderlik of vir skole in die algemeen bepaal word.

(4) (a) Die aansoek om toelating van 'n kind tot 'n skool moet geskied op 'n vorm wat deur die Sekretaris goedgekeur is en dit moet regstreeks aan die prinsipaal van die betrokke skool gestuur word;

(b) die prinsipaal moet die aansoekvorms tesame met sy aanbeveling by die Departement indien.

(5) In die geval van 'n leerling wat staatsteun verlang, besluit die Sekretaris in watter mate hy bydra tot—

(a) die leerling se onderhoud; en

(b) die koste van sy vervoer en begeleiding by toelating en ontslag vir die Julie- en Desember-vakansie en vir ander goedgekeurde geleenthede.

*Ontslag.*

6. (1) Ontslag van 'n leerling uit 'n skool op versoek van 'n ouer/voog of die prinsipaal kan slegs geskied met die goedkeuring van die Sekretaris. Aansoeke om goedkeuring vir die ontslag van 'n leerling met vermelding van die redes daarvoor, kan deur die prinsipaal van die skool of deur die ouer/voog deur bemiddeling van die prinsipaal by die Departement ingedien word.

(2) Afsien van die ontslag van 'n kind uit 'n skool op versoek van die ouer/voog en/of prinsipaal en met die goedkeuring van die Sekretaris, kan die Sekretaris self opdrag gee dat 'n leerling uit 'n skool ontslaan word—

(a) indien hy 'n ouderdom bereik het wat na die mening van die Sekretaris sy verdere bywoning van die skool onnodig of onraadsaam maak; en

(b) indien die Sekretaris van mening is dat hy nie genoegsaam baat vind by die opleiding nie, of reeds voldoende opleiding ontvang het, of die rede vir sy verdere bywoning van die skool nie meer bestaan nie, of dat dit andersins raadsaam is om sy bywoning te beëindig.

*Oorplasing.*

7. Die Sekretaris kan enige leerling vanaf een skool na 'n ander skool oorplaas indien hy van mening is dat dit in die belang van die betrokke kind of skool is, of om 'n ander rede raadsaam is.

*Uitsetting van leerlinge.*

8. (1) Die Sekretaris of bestuur kan 'n leerling subiet uit 'n skool uitsit as hy dit nodig ag, maar in sodanige geval moet die ouer dadelik skriftelik in kennis gestel word van die uitsetting. 'n Uitsetting deur die bestuur moet egter dadelik aan die Sekretaris skriftelik gerapporteer word.

(2) Wanneer 'n leerling uit 'n skool uitgesit word, is die ouer nie geregtig tot terugbetaling van enige gelde wat hy betaal het of ander onkoste wat hy aangegaan het nie.

*Beheer en tug.*

9. (1) Die prinsipaal van 'n skool is verantwoordelik vir die beheer oor en tug van die leerlinge.

(2) 'n Kode vir die beheer oor en tug van leerlinge moet deur die bestuur opgestel word vir die leiding van die prinsipaal en sodanige kode is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris.

## PART III.

## ADMISSION OF PUPILS TO APPROVED UNION SPECIAL SCHOOLS ON A VOLUNTARY BASIS AND CONTROL AND DISCIPLINE OF PUPILS.

*Admission.*

5. (1) In terms of sub-section (2) of section *ten* of the Act a parent or guardian may of his own accord apply for admission of his child to an approved Union special school.

(2) The admission of any child, with or without Departmental aid, is subject to the approval of the Secretary.

(3) Admission requirements for pupils with regard to mother tongue, age, nature and degree of disability, general health condition, educability, duration of training and any other matter considered necessary, may be determined by the Secretary for each school individually or for schools in general.

(4) (a) The application for admission of a child to a school shall be made on a form approved by the Secretary and shall be forwarded direct to the principal of the school concerned;

(b) the principal must submit the application form together with his recommendation to the Department.

(5) In the case of a pupil who requires State assistance, the Secretary shall decide to what extent he shall contribute to—

(a) the pupil's maintenance; and

(b) the cost of his transport and escort on admission and discharge, for the July and December vacations, and for other approved occasions.

*Discharge.*

6. (1) Discharge of a pupil from a school at the request of a parent/guardian or the principal may only be effected with the approval of the Secretary. Applications for approval for the discharge of a pupil, stating the reasons therefor, may be submitted to the Department by the principal of the school or by the parent/guardian through the principal.

(2) Apart from the discharge of a child from a school at the request of the parent/guardian and/or the principal and with the approval of the Secretary, the Secretary himself may give instructions for the discharge of a pupil from a school—

(a) if he reaches an age which in the opinion of the Secretary makes his further attendance at the school unnecessary or inadvisable; and

(b) if the Secretary considers that he does not benefit sufficiently by the training or has already received sufficient training or the reason for his further attendance at the school no longer exists, or that it is otherwise advisable to terminate his attendance.

*Transfer.*

7. The Secretary may transfer any pupil from one school to another if he is of opinion that it is in the interests of the child or school concerned, or if it is advisable for any other reason.

*Expulsion of Pupils.*

8. (1) The Secretary or governing body may summarily expel a pupil from a school if he or it deems it necessary, but in such a case the parent shall immediately be notified in writing of the expulsion. An expulsion by the governing body shall, however, immediately be reported in writing to the Secretary.

(2) When a pupil is expelled from a school the parent shall not be entitled to a refund of any money paid by him or any other expenditure incurred by him.

*Control and Discipline.*

9. (1) The principal of a school shall be responsible for the control and discipline of the pupils.

(2) A code for the control and discipline of pupils must be drawn up by the governing body for the guidance of the principal and such code shall be subject to the approval of the Secretary.

DEEL IV.

